

# Oorwinningslied

Moses se oorwinningslied vir die *Yashar'EL* Ex.15

Ek wil sing tot eer van YAH, want Hy is hoog verhewe.

Die perd en ruiters het Hy in die see gewerp.

YAH is my krag en my psalm, en Hy het my Losser geword.

Hy is my Skepper, Hom sal ek roem; die Skepper van my vader, Hom sal ek verhef. YAH is 'n Krygsman; YAH is Sy naam.

Hy het Faraos se strydwaens en sy leërmag in die see gewerp.

En die beste vegsmannetjies het in die Rooi see gesink.

Die watervloed het hulle oordek.

Hulle sink na die bodem soos 'n klip.

U regterhand, o YAH, is verhef deur krag: U regterhand, o YAH, verpletter die vyand.

En in U grote hoogheid werp U diegene neer wat teen U opstaan.

U stuur U toornloed uit: dit verteer hulle soos 'n stoppel.

En deur die geblaas van U neus het die waters hulle opgestapel, die strome het bly staan soos 'n wal, die watervloed het styf geword in die hart van die see.

Die vyand het gesê: Ek sal agtervolg, inhaal, buit verdeel, my begeerte sal versadig word van hulle; en sal my swaard trek, my hand sal hulle uitroei.

U het met U asem geblaas: die see het hulle oordek; soos lood het hulle gesink in die geweldige waters. Wie is soos U, o YAH, onder die gode?

Wie is soos U, verhef in onskendbaarheid, gedug in roemryke daad, een wat wonders doen?

U het U regterhand uitgestrek, die aarde het hulle verslind.

U het deur U guns die volk gelei wat U gelos het; U het hulle deur U krag na U afgesonderde woning gevoer.

Die volke het dit gehoor, hulle het gesidder; weë het die inwoners van Palestina aangegryp.

Toe is die stamhoofde van Edom verskrik, bewing het die magtiges van Moab aangegryp. Al die inwoners van Kanaän het gebewe.

Verskrikking en vrees het op hulle geval; deur die grootheid van U arm was hulle stom soos 'n klip, terwyl U volk deurtrek, YAH, terwyl die volk deurtrek wat U verwerp het.

U bring hulle in en plant hulle op die bergland van U erfenis, die plek, o YAH, wat U as vaste woonplek vir U berei het, die afgesonderdes wat U hande gestig het, o YAH! YAH sal regeer verewig en altoos.

Want Faraos se perde, met sy strydwaens en sy ruiters, het in die see ingegaan, en YAH het die waters van die see oor hulle laat terugkom.

Maar die kinders van *Yashar'EL* het binne in die see op droë grond getrek.

HalleluYAH Amein

Uit Moses se oorwinningslied vir die *Yashar'EL* vir vandag

Ek wil sing tot eer van YAH, want Hy is hoog verhewe.

YAH is my krag en my psalm, en Hy het my Losser geword.

Hy is my Skepper, Hom sal ek roem; die Skepper van my vader, Hom sal ek verhef.

YAH is 'n Krygsman; YAH is Sy naam.

U regterhand, o YAH, is verhef deur krag: U regterhand, o YAH, verpletter die vyand.

En in U grote hoogheid werp U diegene neer wat teen U opstaan.

U stuur U toornloed uit: dit verteer hulle soos 'n stoppel.

Wie is soos U, o YAH, onder die gode?

Wie is soos U, verhef in onskendbaarheid, gedug in roemryke dae, een wat wonders doen?

U het U regterhand uitgestrek, die aarde het hulle verslind.

U het deur U guns die volk gelei wat U gelos het; U het hulle deur U krag na U afgesonderde woning gevoer.

Die volke het dit gehoor, hulle het gesidder;

U bring hulle in en plant hulle op die bergland van U erfenis, die plek, o YAH, wat U as vaste woonplek vir U berei het, die toevlugsoord wat U hande gestig het, o YAH !

YAH sal regeer verewig en altoos.

HalleluYAH Amein